**Mobile:** Sam - 072 437 1742
**Mobile:** Luke - 083 784 1997
**Email:** info@enviro-insight.co.za
**Website:** www.enviro-insight.co.za

Enviro INSIGHT environmental impact assessments

# Appendix C2:

## Proof of Newspaper Advertisement

# SO SÊ DIE REDAKTEUR

VRYDAG 30 APRIL 2021

## DIE MAGTELOSE MINDERHEID

KORRUPSIE praatjies verveel almal by hierdie tyd want die beveg van die verskynsel onder die ANC-regeerders, wat lank voor hulle in 1994 die bewind oorgeneem het reeds voluit gewoed het, vorder beslis nie na wense nie. Inteendeel dit val meer vas as wat dit vorder.

So 'n verskynsel kom natuurlik oral voor waar 'n klompie mense beskik oor uitdeel van die belastinggeld wat ingevorder word. Maar in die meeste demokrasieë is daar doeltreffende maatreëls om die misbruik van die fondse aan bande te lê. Ook in Suid-Afrika se grondwet.

Maar hier, waar 'n sogenaamde bevrydingsparty nou al vir 27 jaar aan bewind is en tot onlangs nog op tweederdes van die kiesers se steun kon reken, kon hulle daarin slaag om daardie beheermaatreëls mettertyd te omseil sodat dit in praktyk nie nodig was om hulle aan die opposisie te steur nie.

Met die gevolg dat hulle 'n blok van nagenoeg 20 miljoen stemgeregtigdes kon beïnvloed met belastinggeld wat elke maand aan hulle uitgedeel word. Vir die doel het hulle 'n reuse departement gestig met talle kantore in die meeste dorpe en natuurlik stede om te sorg dat daar tog nie 'n fout met die stelsel kom nie.

Voorts het hulle ook 'n reuse departement van arbeid gestig om te sorg dat die geld nodig vir die uitdeel van sorgbehoewendes uit alle werkgewers gepers word. Omdat daar baie meer bevoordeeldes is van die arbeidswette as daar betalers is, is daar ook soveel meer wat die regime elke keer weer by die stembus bevoordeel.

Dan is daar seker nagenoeg 70 ministers en adjunk-ministers elk met 'n geswolle personeel komponent wat ook altesaam 'n miljoen of wat mense beloop, wat beslis geen rede het om teen die regerende party te stem nie.

Soos ons nou al tot vervelens toe gehoor het by die verskeie instansies wat die steel van staatsfondse moet ondersoek, het die stelery so 'n omvang aangeneem dat die staat se fondse totaal uitgeput is en daar op groot skaal geleen moes word om al daardie regeringsondersteuners te kan betaal.

Die enigste element in die hande van die magtelose minderheid was tot dusver die howe wat meeste van die tyd die bestaande wette korrek interpreteer en geregtigheid laat geskied het. Maar ook hier word die bevindinge van die hof al te dikwels ignoreer en daar is niemand om dit af te dwing nie.

In die laaste tyd is daar ook 'n uiters onrusbarende verwikkeling dat die aanwys van regters ook nou al met politiek besmet is. Regslui sien meestal nie kans om hulle daarvoor te laat gebruik nie, en trek hul aansoeke terug.

## VIR WAT HET ONS DAN GESTRUGGLE?

VRYHEIDSVEGTERS gedurende hulle struggle jare het nie almal in Kuba gaan bly nie. Ook is nie almal Rusland toe nie. Die Skandinawiese lande het baie van hulle gehuisves en in Europa was Brittanje baie gewild sowel as Nederland en ander lande in die vasteland van Europa.

Die buurstate in Afrika was natuurlik dikwels die bestemming waar van die struggle helde gebly het op onkoste van hul ondersteuners in die westerse wêreld. In lande soos Angola, Zimbabwe, Botswana en Zambië is kampe ingerig vir ondersteuners wat uit Suid-Afrika gevlug het.

Die vlugtelinge het nou wel uit die kloue van die destydse veiligheidspolisie ontsnap maar was in daardie kampe ook nie beskerm teen die talle vergrype wat die ANC-base daar toegepas het nie. Dis veral die vroue wat glo ontevrede was met die behandeling wat hulle ontvang het. Baie van die klagtes het eers na 1994 te berde gekom nadat die mense terug gekom het huis toe en toe ook maar nie 'n goedbetaalde joppie gekry het by die nuwe bewindhebbers nie.

Intussen het die skenkers uit die westerse wêreld ook van regerings verwissel wat nie noodwendig so bereid was om hul belastingbetalers se geld Afrika toe te stuur nie. Want ook hulle het agtergekom dat al die geld nie altyd vir die betrokke "saak" gebruik is nie maar pal in die sakke van die kaders wat dit ontvang het, beland het.

Vir ons minderhede hier onder in Afrika klink dit alles baie bekend maar ongelukkig vir ons kan ons nie bloot ons steun onttrek nie maar moet ons maar dinges of betaal aan die bewindhebbers of ons beland summier in die tjoekie.

Dit wil al lyk of slim nou sy alie gesien het en dat wat hulle hier kan afpers nie genoeg is om al die politici en staatsamptenare te betaal èn ook te sorg dat die korruptes hulle aandeel kry nie.

Ten spyte van die alles, stem die kiesers in die pas-afgelope tussenverkiesings maar weer vir die ANC wat steeds so goed kan kyk na hulle begunstigdes.

En waar hulle nie hul sin kry nie, soos maar gereeld gebeur, maak hulle moles en brand tyres op die deurpaaie en die land se strate wat nog rybaar is. Met hulle het die polisie hul hande so vol dat gewone misdaadbestryding nie altyd tot sy reg kom nie.



### GHOLFKARRE

WANNEER jy 'n gholfkar het vorder die spel baie vinniger. Vier manne van Calvinia wat elke Woensdag aan 'n vriendelike kompetisie deelneem, het elkeen een so hulle rek nie die spel onnodig uit nie. – Foto: NB.

### Die tyd stap aan

Die tyd stap aan en Boeta soek 'n vrou, maar almal is gemasker. Hoe maak Boeta nou?

Die tyd stap aan. Die brande woed.

Ons kan nie eens vir Cecil John ordentlik groet.

Die tyd stap aan. Tafelberg in puin en as.

Wonder waar die bergies was?

Die tyd stap aan. Die pryse styg.

Korrupsie laat mens na jou asem hyg

Die tyd stap aan, Zuma kry nog 'n kans.

Dalk sal hy weer op TV dans.

Die tyd stap aan. Links en regs word ons sleg belieg.

Daar is nog vissies wat voor Zondo bieg.

Die tyd stap aan, maar God beskik.

Sy anker hou. Niemand sal dit los kan ruk.

Danie J. van Zyl

KAROO AFSLAERS - AUCTIONEERS

**Oorweeg jy 'n Veiling?**

**KAROO AFSLAERS BIED:**

Tenders en Veilings van plase, huise, meubels, lewendehawe, plaastoerusting.

**KAROO EIENDOMME BIED:**

Verkoop van huise en plase.

Ons ondersteun die koper in die proses van finansiering en fasiliteer die volle proses.

***Met jare se ondervinding in die industrie:***

SKAKEL GERUS VIR

**JACQUES STRYDOM**

VIR FLINKE EN BEKOSTIGBARE DIENS

**Ons dek Fraserburg, Loxton, Calvinia, Carnarvon, Williston en Sutherland.**

**JACQUES STRYDOM 082 873 9364**

*(Veilings, tenders en plaasverkope)*

**CHANTEL AUGUSTYN 083 372 4159**

*(Huisverkope)*

***Ons wil jou eiendom bemark en verkoop!!***

KAROO EIENDOMME
*properties*

## KENNISGEWING VAN OMGEWINGSMAGTIGING AANSOEK

**Ingevolge die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (NEMA), en die Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings (OIE Regulasies), (2014, soos gewysig) word hiermee kennis gegee van 'n Omgewing Bestekopname studie en Omgewingsimpak evalueringsproses wat gevolg gaan word vir die voorgestelde ontwikkeling van 'n windplaas en geassosieerde infrastruktuur wat ingedien gaan word by die Departement van Bosbou, Vissery en die Omgewing vir omgewingsmagtiging. DEA REF. No: 2020-10-0025.**

**Projek Naam:** Botterblom Wind Energy Facility

**Aansoeker:** FE Botterblom (Pty) Ltd

**Projek beskrywing:** Die Aansoeker doen aansoek vir omgewingsmagtiging vir die voorgestelde ontwikkeling van 'n Windplaas en geassosieerde infrastruktuur geleë naby Loeriesfontein in die Noord-Kaap provinsie. Die voorgestelde Windplaas gaan bestaan uit 54 wind laaiers met 'n opwekkingsvermoë van omtrent 6.5 MW per laaier. Die naafhoogte kan tot en met 150m hoog wees en die rotor diameter tot en met 175m. Die ontwikkelingsvoetspoor maak voorsiening vir die gepaardgaande infrastruktuur wat die interne paaie, werkswinkel, stoorkamer, kantore en afleggingsgebied vir die konstruksie fase insluit.

**Projek Ligging:** Die Botterblom Windplaas projekterrein is ongeveer 5 745 hektaar geleë op 'n porsie van die restant van die plaas Sous 226 in die Hantam Plaaslike Munisipaliteit. Die projekterrein kan met die Granaatboskolk / Zout Dwaggas Grondpad bereik word wat uit die R357 tak. (GPS: 30°28'56.89"S, 19°32'52.67"E).

**Aktiwiteite geïdentifiseer volgens die OIE Regulasies (2014, soos gewysig):**
**Kennisgewing Lys 1: Aktiwiteite 11, 12, 19, 24, 28 & 56.**

**Kennisgewing Lys 2: Aktiwiteite 1 & 15.**

**Kennisgewing Lys 3: Aktiwiteite 4, 10, 12, 14 & 18.**

**Alle geregistreerde belangstellende en/of geaffekteerde partye (B&GP) sal kennisgewing ontvang sodra die Omgewing Bestekopnamestudie beskikbaar is vir nasien vir 'n 30 dae periode.**

**Om te registreer as 'n B&GP om die nodige inligting te ontvang gedurende die proses en 'n geleentheid te kry om kommentaar te lewer word u versoek om al u kontak besonderhede vir Enviro-Insight CC skriftelik te stuur deur gebruik te maak van die onderstaande kontak besonderhede.**

**Enviro-Insight CC**

**Verwysing: Botterblom WEF**

**Aandag:** Mnr Corné Niemandt

**Epos:** corne@enviro-insight.co.za

**Kantoor nommer:** 012 807 0637

**Webwerf:** www.enviro-insight.co.za

**Posadres:** Unit 8, Oppidraai Office Park, 862 Wapadrand Road Wapadrand Security Village Pretoria 0081

Enviro INSIGHT
www.enviro-insight.co.za

## UIT DIE WOORD

## IS JOU KOP VOL REKLAME?

*Timoteus, bewaar wat aan jou toevertrou is. Vermy die onheilige en sinlose praatjies en die redenasies van die "kennis" . . . Daar is mense wat daardie "kennis" aanhang en so van die geloof afgedwaal het.* 1 TIMOTEUS 6:20-21a

Advertensies is oral om ons: Dis in die vertoonvensters van winkels, op groot uithangborde langs die pad, in tydskrifte en koerante, tussen die televisie-programme, wat ons kyk, en oral op die internet! Reklame is deel van ons hedendaagse leefwyse. Soms maak dit ons bewus van nuwe moontlikhede. Soms laat dit ons twyfel of dit waar kan wees. Soms laat dit ons wonder of dit regtig so goed kan wees. Soms mors dit net ons tyd!

Tog bly mense nuuskierig. Tog wil mense meer weet. Daarom, self lank voor die bestaan van die gedrukte of visuele media, was daar al reklame. Mense het hulle 'kennis' met mekaar gedeel. Mense doen dit vandag nog! Wie is jou 'geel bladsye'? Wie vertel jou al die stories van die kontrei? Onthou: Stories hoef mos nie altyd waar te wees om oorvertel te word nie! Vind jy nie jouself soms in dieselfde dilemma, nadat jy na daardie persoon geluister het, as wanneer jy gemorspos uit jou posbus gehaal het nie? Daarom waarsku die apostel Paulus vir Timoteus teen al daardie *onheilige en sinlose praatjies van die "kennis."* Dit verwar mense. Mense weet nie meer wat waar of onwaar is nie. Mense weet nie meer wat om te glo nie. Mense weet nie meer of die waarheid hoegenaamd bestaan nie. Mense kan selfs *van die geloof afdwaal!*

Die antwoord is eenvoudig: Gooi die gemorspos weg! Moenie elke nuwe opinie glo nie. Moenie elke nuwe geloof probeer nie. Bewaar wat aan jou toevertrou is! Hou vas aan die Waarheid! Hou vas aan jou geloof in Jesus!

GEBED: *Here, ek weet soms nie meer wat om te glo nie. Tog wil ek vashou aan my Verlosser Jesus Christus en vra dat U my ook sal vashou.*

SKRYWER: Willem van der Colff het in die Paarl groot geword. Tans bly hy met sy gesin in Vinnitsa, Oekraïne, waar hy sendingwerk doen. Sy webwerf is https://ua4u.weebly.com/. Jy kan hom e-pos by willem.ua4u@gmail.com.

**ADVERTENSIETARIEF**

E-POS:
noordwester@hantam.co.za

**OM TE ADVERTEER SKAKEL:**

**NOORDWESTER**
CALVINIA
JANETTA
027 341 1026

***Oewernuus***
PRIESKA
BETS DU PISANI
084 582 7024

**MESSENGER**
VICTORIA-WES
CORNÉMARI
082 653 1432

**CARNARVON BOUKONTRAKTEURS**

CARNARVON: Ons vervaardig sementstene, randstene en plaveiblokke (400 mm x 400 mm & 300 mm x 300 mm) en "interlocking pavers". Skakel Gerrit: 082 864 8531

**BOEDELKENNISGEWING**

KENNISGEWING AAN KREDITEURE
BOEDEL NR. 2618/2020
In die boedel van wyle **GERT STEPHANUS MARITZ** gebore op 8 April 1927, Identiteitsnommer: 270408 5010 08 5, oorlede op 6 AUGUSTUS 2020, 'n wewenaar van ONSE RUST, ROSSOUWSTRAAT 63, FRASERBURG 6960.
Ingevolge Artikel 29 van Wet Nr 66 van 1965 word alle persone wat vorderings het teen die bogemelde boedel hierby versoek om hulle vorderings by die ondergetekende in te dien binne 'n tydperk van 30 dae bereken vanaf datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Carnarvon op hede die 16de dag van April 2021.

**VAN NIEKERK COETZEE**
Victoriastraat 10, Posbus 18
CARNARVON 8925
Prokureur vir Eksekuteur

**BOEDELKENNISGEWING**

KENNISGEWING AAN KREDITEURE
In die boedel van wyle **ELEEN VAN ECK** (Identiteitsnommer: 3611 030058086), weduwee met Kimberley Meestersnommer: 1204/2021 wie oorlede is op 9 Maart 2021 te Carnarvon.
Kennis geskied hiermee aan alle debiteure en krediteure in bogenoemde boedel om hul eise in te dien en hul skulde te vereffen binne die tydperk van 30 (dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan naamlik by die ondergetekendes:

**M D VISSER PROKUREURS**
*Prokureur vir Eksekuteur*
Victoriastraat 9 / Posbus 4
CARNARVON 8925

### Neef Gert se Sêgoed

'n Drafstappie is die mens se laaste sprong na sleepvoetigheid en standvastigheid.

**Papa Isaac**
**BETAAL NA WERK GEDOEN IS**

Dankie Papa Isaac, jy is kragtig. My naam is Mev. Smith. Vroeër die jaar was ek geskok om 'n vriend te ontmoet wat 'n duur motor ry. Sy het my na haar huis en besigheid geneem. Ek het haar gesmeek om my haar geheim te vertel. Sy het vir my Papa Isaac se nommer gegee.
Ek het Papa Isaac gebel en dit was die einde van my probleme. Hy het gevra om te kies tussen 'n kort seun wat 6 milioen in my rekening en huis bring binne 'n uur of 'n groot beursie of rotte.
Ek het die seun gekies. Ek was geskok en na 'n tydjie het ek resultate gekry. Ek is nou 'n suksesvolle besigheidsvrou.

**Bel Papa Isaac: 081 037 6267**

## Liewe Jesus en haar pa

Dis nou reeds baie jare terug. 'n Insident wat homself afgespeel het in 'n kindertuin klassie by 'n klein skooltjie in die Overberg distrik.

Die kindertuin onderwyseres het haar klassie gevra om 'n prentjie van Liewe Jesus te teken. Daar was letterlik baie weergawes uit die vetkryt sketse van haar kleuters.

Een prentjie, geteken deur 'n jong dogtertjie, het haar emosioneel getref. Haar weergawe het 'n man met ortopediese skoene aan aangedui. 'n Man wat met krukke loop en 'n bos baard dra.

Hierdie siening van Liewe Jesus het haar laat wonder. Waarom sou die klein dogtertjie vir Liewe Jesus so sien?

Groot was haar verbasing toe die skoolklok aan die einde van die dag se skoolbywoning lui. Toe sy na die parkeerarea deur die klaskamer se venster kyk, het al haar gewonder 'n antwoord gekry.

'n Groot man met 'n dik bos baard, het uit sy bakkie geklim. Gestewel en gespoor, met ortopediese skoene, het hy met sy krukke, in die rigting van die skooltjie begin stap. Die klein dogtertjie het hom tegemoet gehardloop en liefdevol omhels.

Toe weet hierdie juffrou: Hierdie dogtertjie het haar eie vader as Liewe Jesus gesien. 'n Vaderlike figuur wat haar altyd sal bybly.

Danie van Zyl

### Neef Gert se Sêgoed

Moenie toelaat dat jy gekortwiek word nie. Iemand gaan beslag neem.

**LYNX security services**

**ONS IS OP CALVINIA**

- Ons bedien die omliggende gebied
- Ons installeer alarmstelsels
- Ons monitor alarms
- Ons patrolleer u persele

**24 UUR DIENS**
**TEL. 084 564 1588**



NZIMANDE ERKEN NET BANTOETALE

# Khoe, Santale as uitheems beskou

STELLENBOSCH – **Die Demokratiese Alliansie het Vrydag ingevolge die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (ook bekend as "PAJA") 'n dringende versoekskrif aan die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding" Blade Nzimande, gestuur.**

So sê Dr Leon Schreiber, DA hoof van die kiesafdeling Stellenbosch. In ons korrespondensie versoek die DA dat Nzimande dringend redes verskaf vir sy departement se onlangse besluit om beide Afrikaans en die Khoe- en Santaalfamilie as "uitheemse" tale te klassifiseer. In die departement se nuwe beleidsraamwerk vir taalgebruik in hoër onderwys, wat in Oktober 2020 bekendgestel is, word slegs "Suid-Bantoetale" as inheems aan Suid-Afrika erken. Die gevolg is dat Nzimande se departement summier 'n streep probeer trek deur die status van Afrikaans en Khoe- en Santale as inheems aan ons land.

Die departement het hierdie leuenagtige en onwetenskaplike klassifisering aanvaar ten spyte van die feit dat die Khoeen Santaalfamilie een van die heel oudstes ter wêreld is. Dit is ontwikkel deur van die eerste inwoners van Suider-Afrika, en word vandag steeds gebesig deur hul nasate. Die definisie druis ook lynreg in teen die feit dat Afrikaans ongetwyfeld 'n inheemse taal is wat op tuisbodem ontwikkel is deur kontak tussen diverse mense, insluitend Suid-Afrika se oudste bewoners. Afrikaans word byna net in hierdie streek gebruik, en is vandag die mees diverse taal in Suid-Afrika wat mense van alle agtergronde verenig.

Ons het reeds gesien hoe die Universiteit van Stellenbosch (US) die definisie van Afrikaans as 'n uitheemse taal gedienstig gebruik het om selfs verdere eentalige verengelsing te bevorder in hul nuwe konseptaalbeleid. Volgens wet het Nzimande 90 dae om aan die DA redes te verskaf vir die besluit om Afrikaans en Khoeen Santale as uitheems te brandmerk. Dit is uiters kommerwekkend dat die departement wat veronderstel is om toegang tot wetenskaplike inligting te bevorder sulke blatante onwetenskaplike leuens propageer.

**STREEKSKALENDER 2021**

SKOLE, KERKE, ORGANISASIES, VERENIGINGS is welkom om hul datums GRATIS in hierdie kolom te plaas. WhatsApp u datum na Bets du Pisanie by 084 582 7024 of epos na betsdupisanie@gmail.com

**1 Mei:** WERKERSDAG
**3 Mei:** SKOLE OPEN
**3 Mei:** AfriForum Prieska Bestuursvergadering om 18:00
**6 Mei:** Chrisami Kuierklub Prieska - kontak Irma by 072 923 8759
**9 Mei:** Moedersdag
**12 Mei:** VLV Prieska
**13 Mei:** HEMELVAARTSDAG
**16-20 Mei:** PINKSTERDIENSTE NGK Prieska
**22-23 Mei:** SAWMGA en SANESA Qualifier 2 en 4 op Prieska
**28 Mei:** Huis Frank du Toit, Prieska KUIERMARK
**2-3 Jun:** RPO NK Kongres
**2-3 Jun:** NWKV Kongres
**9 Jun:** VLV Prieska
**16 Jun:** JEUGDAG
**17 Jun:** Chrisami Kuierklub - kontak Irma by 072923 8759
**19 Jun:** SAWMGA en SANESA Qualifier 5 op Upington
**3 Jul:** NGK NIEKERKSHOOP basaar
**9 Jul:** SKOLE SLUIT

## PAS GETROUD

GRIETA MCGREGOR en Wicus Augustyn, albei van Calvinia, glimlag gelukkig by die onthaal wat vir hul aangebied is deur hul dogters Adrene Verdoes en Kani Parker. Hulle is Maandag 26 April 2021 in die huwelik bevestig.

## 25 Jaar gelede

20 September 1996. Die Asbosskerm te Victoria-Wes moes eintlik eers teen Oktober gereed gewees het vir besoekers maar die kalf was in die put. Met baie ekstra ure se werk, het Hendri en Kobus die skerm sover gekry dat 'n treintoergroep daar kon aandoen vir aandete.

**Geseënd is EK**
**Nuwe profeet in Prieska**
**PROF MONA EN MAMA**



Het 8.2m in my huis gesit. Alle dokters vra baie geld, maar Prof Mona & Mama vra geen geld. Gee hom slegs 'n donasie of geskenk nadat al jou probleme opgelos is. Ek het die 8.2m gebruik om al my skuld af te betaal, 'n huis, kar en 'n besigheid gekoop. Ons perfekte troue was 19 Maart 2021. Help met vinnige betaling van jou pensioenfonds vertraging en Ongelukfonds uitbetaling net 7 dae.

**Baie dankie ! !** **Bel SMS vir hulp na 063 949 9406**

**HANTAM MUNISIPALITEIT**
**HANTAM MUNICIPALITY**

Herewith Hantam Municipality would like to inform prospective service providers that the following Formal Quotations are being advertised:

1. **SCM07/2021:** Provision of Aerial Bundle Conductors;
2. **SCM08/2021:** Appointment of a Service Provider to provide HSE/ Safety Officer training.

Submissions are to be made to the following email address before the closing date and time:
tenders@hantam.gov.za

The full advertisement can be found on the municipal website www.hantam.gov.za and on the e-portal website www.etenders.gov.za

**Mr. J. I. Swartz**
**MUNICIPAL MANAGER**

## NOTICE OF APPLICATION FOR ENVIRONMENTAL AUTHORISATION

**Notice is given in terms of the National Environmental Management Act (Act No. 107 of 1998) and the Environmental Impact Assessment Regulations (2014, as amended) of a Scoping and Environmental Impact Assessment Reporting (S&EIR) process to be followed for the proposed construction of a wind energy facility and associated infrastructure to be submitted to the Department of Forestry, Fisheries and the Environment (DFFE) for environmental authorisation. DEA REF. No: 2020-10-0025**

**Project Name:** Botterblom Wind Energy Facility

**Applicant:** FE Botterblom (Pty) Ltd

**Project Description:** The Applicant wishes to apply for an environmental authorisation for the proposed development of a wind energy facility (WEF) and associated infrastructure within the Northern Cape Province. The proposed WEF will consist of up to 54 wind turbines with a generation capacity of up to 6.5 MW per turbine, with a hub height of up to 150m and a rotor diameter of up to 175m. Additional ancillary infrastructures to the WEF include the internal road network, workshop, storage room, office and laydown area for the construction period.

**Location & Property Description:** The Botterblom WEF footprint is approximately 5 745 hectares (ha) and will be located on a Portion of the Remainder of the Farm Sous 226, within the Hantam Local Municipality. The site can be reached via the gravel Granaatboskolk / Zout Dwaggas Road, which branches off the R357. (GPS: 30°28'56.89"S, 19°32'52.67"E).

**Activities triggered in terms of the NEMA EIA Regulations (2014, as amended) include:**

Listing Notice 1: Activities 11, 12, 19, 24, 28 & 56
Listing Notice 2: Activities 1 & 15
Listing Notice 3: Activities 4, 10, 12, 14 & 18

**All registered interested and affected parties (I&APs) will receive notification once the draft scoping report is available for public review for a period of 30 days.**

**To register as an I&AP, receive updated information on the process and to submit comments regarding this matter, individuals are requested to submit their complete contact details to Enviro-Insight CC in writing, as per the details provided below.**

**Enviro-Insight CC**
**Reference: Botterblom WEF**
**Attention:** Mr Corné Niemandt
**Email:** corne@enviro-insight.co.za
**Tel:** 012 807 0637
**Website:** www.enviro-insight.co.za
**Postal address:**
Unit 8, Oppidraai Office Park 862 Wapadrand Road
Wapadrand Security Village, Pretoria 0081

Enviro INSIGHT
www.enviro-insight.co.za